

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 9

8 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TOELATING 2020: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die departement van onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel deur middel van ‘n skrywe indien u ‘n kind(ers) vir graad R of graad 1 vir 2020 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes kan aanbeveel. Die advertensie vir 2020 toelating het reeds in Die Burger verskyn. By voorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

VAKANSIENASORG: MAART 2019
Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Maart-vakansie voortgaan.
Die tydperk is:

1. **18 Maart tot 29 Maart (9 dae). (Skole sluit 15 Maart 2019 en Woensdag 21 Maart: Menseregtedag)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die Nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R 450 kind (R 850 vir 2 kinders) en is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

HOPE FOR KIDS FUN RUN
Graag moedig ons leerders, ouers en onderwysers aan om aan die Hope for Kids Fun Run, 21 Maart 2019, by Londtpark sportklub deel te neem. Dit is gedurende die vakansie en die skool met die meeste inskrywings kan R5,000 wen. Die tweede plek wen R1,000. Dit is sommer ‘n lekker manier van fiks word vir die rugby- en netbalseisoen. Daar is ook heelwat gelukkige trekkings na die wedloop. Kry jou inskrywingsvorm by Mev. Campher of by die kantoor en handig dit by die kantoor teen Woensdag, 13 Maart in dat ons ‘n lywige groepinskrywing kan maak. Inskrywingsgeld is R40. Dit is ‘n heerlike dag om saam as gesin te geniet. Hope for Kids is betrokke by ons VCSV en het ons ook verlede jaar gehelp met die wakkerblyaand. Ons ondersteun hulle graag.

VERLORE KLERE
Ons doen ’n ernstige beroep dat u by u huis sal kyk of daar nie dalk ander kinders se klere by die huis is nie. Indien, sal ons dit waardeer as u dit so spoedig moontlik na die kantoor kan bring. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers is wat beskikbaar is om soms uit te help, (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet my asseblief wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer.
By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Ons tweede ouer-en-kind-tennisaand het verlede Vrydag, 1 Maart, plaasgevind en was weereens baie goed ondersteun. Baie dankie aan die paartjies wat deelgeneem het en ‘n groot sukses van die geleentheid gemaak het. Ons sien baie uit na ons volgende tennisaand in die nuwe kwartaal.

BLOEDSKENK
Graag doen ons ‘n beroep op ouers en familie bo die ouderdom van 16 wat nog nie hierdie kwartaal bloed geskenk het nie om betrokke te raak by die inisiatief. Ons wil graag skenkers werf wat 4 keer per jaar, dus een maal per kwartaal bloed skenk. So maak ons ‘n verskil in ander se lewens wat bloed nodig het om te oorleef. Dankie vir diegene wat reeds gaan bloed skenk het.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam verskaf, en/of epos bewys na fin@lnpark.co.za

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019, sal ‘n 5% korting toegestaan word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Ons moet jongmense nie sien as leë bottels wat gevul moet word nie, maar as kerse wat aangesteek moet word.
Robert H. Shaffer
Knyp ‘n tydjie af om op jou eie te wees as jy dit nodig het – selfs al wil ander mense op jou tyd en ruimte aanspraak maak.
Cherry Hartman

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 11 Maart : Klerewinkel: ***07:30-12:00***

Di – 12 Maart : Flinkspel word geskryf

Wo – 13 Maart : Klerewinkel: ***12:00-14:30***
MARKDAG
Eietydse geskiedenis
Algemene kennis vasvra
OOV vergadering

Do – 14 Maart : Redenaarskompetisie
Dance Kids-ballet graad R: **13:15**

Vr – 15 Maart : Klerewinkel: ***07:30-12:00***
SKOOL SLUIT 10:00 (deel rapporte uit)

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Maart	0/9 Mini-krieket	Cotswold	B-span: verloor wedstryd alhoewel hul die beter krieket gespeel het A-span: wen 23 – 4 In hierdie wedstryd slaan Chano Fouche 17 lopies van 6 balle En Jaco Jacobs neem 3 paaltjies vir 1 lopie en Wihan Steyn neem 2 paaltjies en staan geen lopies af nie

**Die O/9 A-span het al agt hul wedstryde hierdie kwartaal gewen. Baie geluk!*

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Maart	snr. seuns C	Summerwood	LNP verloor met 28 potte
5 Maart	snr. seuns & dogters B	Summerwood A	LNP verloor met 33 potte
5 Maart	jnr. seuns A	Clarendon	LNP wen met 13 potte
5 Maart	jnr. seuns B	Clarendon	LNP verloor met 2 potte

ATLETIEK

Ons wil die volgende atlete wat aan die Oos-Kaap kampioenskappe in Cradock op Saterdag, 2 Maart, deelgeneem het, hartlik gelukwens met hul puik prestasies:

- Janke-Mari Vermaak: gewigstoot 0/10 – brons medalje
- Lincoln Kunneke: gewigstoot 0/10 – brons medalje
- Aneska Ferreira: hekkies 70m 0/11 – 5de plek

Baie geluk!

MOUNT PLEASANT MINI-KRIEKET

Ons O/9 A-span het Saterdag, 2 Maart, aan die Mount Pleasant Mini kriekettoernooi deelgeneem en al drie wedstryde gewen:

SPAN	TEEN	UITSLAE
0/9 A Mini-Krieket	Cotswold	LNP wen 7 – 3
	Brylin	LNP wen 6 – 4
	St. Joseph's	LNP wen 24 – 7

Baie geluk!

SWEM

Juwan Wium in graad 7D het weereens vir die Vlak 3 streeks-swemkampioenskappe wat sal plaasvind in Oudtshoorn vanaf 28-31 Maart 2019, gekwalifiseer en gaan aan die volgende items deelneem:

- 50m Borsslag
- 100m Borsslag
- 200m Borsslag
- 50m Vryslag
- 100m Vryslag
- 200m Vryslag
- 50m Rugslag
- 100m Rugslag
- 50m Vlinderslag

Baie geluk!